



Boran se ster nog lank nie verskiet

Een van die land se voorste telers van die Boran glo daar is 'n blink toekoms vir dié beeras. Maar, erken hy, daar is ook foute begaan wat die aansien van die ras skade berokken het. Baie word nou gedoen om dit reg te stel.

Die swart R44 Raven 11-helikopter wat Kalahari Wildlife Services gebruik om 'n koe-doebul op Chan Té Mar te kom pyl, sirkel laag voordat dit 'n perfekte landing op die landgoed maak. Geleë op die grootpad tussen Humansdorp en Hankey herinner die indrukwekkende ingang en palm-omsomde oprit na die herehuis aan 'n beesplaas – dalk iewers in Texas?

'n Joviale mnr. Gert Barnard (50) kom

groet vriendelik en wys waar geparkeer kan word. Dit is met die groetslag duidelik dat hy 'n man is wat van orde hou. Dalk het die tyd wat hy by eiendomsontwikkeling betrokke was, sy oog vir reguit lyne ingeskerp. Waar daar ook al gery word, is die lyndrade netjies. Net soos die skuur waarin die werktuie staan.

Met die tiende B4-Boranveiling wat in September gehou is, is *Landbouweekblad* genooi om die plaas te besoek. Die ras is nie soos ná die aanbreek van die millennium die “geur van die maand” nie, sê dié senior keurder

PLAASINLIGTING

LIGGING: Humansdorp, Oos-Kaap

NAAM: Chan Té Mar

REËNVAL: 450-700 mm/jaar

GRONDTIPE: Dieprooi leemgrond; vaal sanderig en skalle

VERTAKKINGS: Boran-beeste (stoet 200 koeie en verse, en kommersieel 70 koeie). Wild (sewe spesies). 'n Deel van die plaas word nou vir skaars wild ontwikkel, waaronder bontebokke, goue wildebeeste, saalrug-rooibok, swart rooibok en swartwitpens.

GROOTTE: 1300 ha waarvan 1000 ha met wildheining toegekamp is. Sowat 100 ha lande waarvan 40 ha met lusern onder spilpuntbesproeiing.



KORTOM

- Die Boran is baie geskik vir kruisteling.
- Foute is gemaak toe die ras op die kruin van die golf was.
- Die ras is suinig op insetkoste en hoogs bestand teen bosluisgedraagde siektes.
- Goeie teelmateriaal is nou baie meer bekostigbaar as tien jaar gelede.

BO VAN LINKS: Mnr. Gert Barnard by die netjiese ingang van Chan Té Mar.

Een van die Boranstoetbulle op Chan Té Mar. Gert gebruik meestal selfgeteelde bulle.

Mnre. Marcel en Gert Barnard. Marcel het hom by 'n jagonderneming aangesluit.

MIDDEL VAN LINKS: Jong bulletjies wei rustig op die fynbos. Min ander beesrasse kan die tipe veld so goed benut.

Die kudde kry deur die hele jaar 'n fosfaatlek bestaande uit P12, sout en 'n kommersiële lek met spoorelemente.

Die mediumraamkoeie met hul kalwers op die landgoed.

ONDER VAN LINKS: 'n Paar van die voortreflike Boranbulle op Chan Té Mar.

Die R44 Raven 11-helikopter wat Kalahari Wildlife Services gebruik het om 'n koedoebul op Chan Té Mar te vang.

Me. Marie, Gerhardus en mnr. Gert Barnard.

van die ras. “Kom ons praat reguit oor die wanpersepsies, soos dat die Boran in onguns by voerkrale is en dat hy nie so vrugbaar is as wat telers voorgee nie,” sê Gert.

Voordat hy die plaas, wat destyds nog as Rooivlakte bekend was, in 2007 gekoop het, onthou hy sy eerste kennismaking met die ras. “Mnr. Jacques Steenkamp, my buurman, het kort nadat ek die plaas gekoop het, kom kuier en gevra waarmee gaan ek boer. My antwoord was 'n beesstoetery, maar dat ek nog nie besluit het met watter ras nie. Jacques nooi my toe na sy plaas waar hy Boranbulle by Nguni- en Bonsmarakoeie gekruisteel het. Toe ons so aanry en ek die bul en die kapasiteit van kruiskalwers sien, was ek dadelik verlief op die ras. Sonder om te weet wat die Boran kos, het ek nêr daar besluit dat dít die ras is waarmee ek die pad gaan loop.”

Terug op die plaas het Gert begin om huiswerk doen. “Ek het gou besef dat die Boran skaars én duur is. Omdat Chan Té Mar (fynbos en so 'n bietjie rooigras) eintlik net vir wild en skaapboerdery geskik is, was ek huiwerig om té veel geld in die stoetery te belê.

“Met 'n besoek aan die Nampo-Oesdag in Mei daardie jaar het ek 'n gesprek met mnr. Adriaan Rall, rasdirekteur van die Boran, gehad. Dit het die deurslag gegee. Ek het vir Adriaan gevra om vir my die tien beste SP-verse en stoetbul wat beskikbaar was, met die oog op embriospoeling in die hande te kry. Op die Circle C Ranches se veiling by Excelsior was daar egter net nege maande oue stoetversies en 'n paar uitsoekbulle beskikbaar.”

Meer as R1 miljoen later is Gert met tien verse en 'n bul huis toe. By Oesterbaai het hy 100 kruisraskoeie as surrogaatma's teen

R4 700 stuk gekoop. Met 'n besetting van 82% by die koeie het hy besluit om 'n deel van sy sakebelange in Gauteng te verkoop en van die geld in sy boerdery te belê. In die daaropvolgende jaar het hy weer embriospoeling gedoen en hom intussen ook as keurder van die ras bekwaam.

Met 400 geregistreerde Boran-telers in die land en 'n genepoel van 38 000 SP-diere, vertel Gert dat in teenstelling met die tydperk tussen 2006 en 2010 toe pryse baie hoog was, is dit deesdae eerder diegene wat werklik in die ras glo, wat daarmee boer. “Die boom van die mark het egter nóóit uitgeval nie – dit is eerder pryse wat op 'n laer vlak gestabiliseer het. En dit is gesond vir die bedryf.

GROOT FOUT

“Die groot fout was dat te veel nie-gewenste, rankerige bulle met 'n swak kapasiteit in die mark gepomp is. Van die kopers is ontugter. Die feit dat Suid-Afrikaanse boere beeste met 'n rooi haarkleed verkies, het meegebring dat diere wat nie heeltemal raseg was nie, soms as Boran verkoop is. Soms is F₁- en F₂-bulle as teelbulle verkoop, want die prys was reg.”

Gert sê hy is nie bewus dat daar probleme met die vrugbaarheid van die ras is nie. Sy kudde se tussenkalfperiode (TKP) beloop 391 dae (nasionaal 420 dae) en hy doen ook nie meer embriospoeling nie.

“Ek weet ook nie waar mense daaraan kom dat voerkraaleienaars hul rug op die Boran gekeer het nie. Hurwitz Farming by Ermelo, wat die land se grootste teler van die Boran is en 'n voerkraal bedryf, het uitgebreide proefnemings met die ras gedoen.

“Sy voerkraal bied selfs 'n premie vir Boran-speenkalwers aan. Kalwers wat in die proefneming teen 200 kg ingeweeg is, het gemiddeld sowat 1,52 kg per dag oor die voertydperk van 170 dae aangesit,” sê Gert.

NASIONALE VEILING

Hy sê hoewel die gemiddelde prys van Boran-teelmateriaal vandag meer bekostigbaar is as toe hy sy stoetery begin het, is uitstaande pryse nietemin steeds op die ras se jongste nasionale veiling behaal. Die beste prys vir 'n bul was R240 000 en die beste prys vir vroulike dier R85 000 (dit was vir 'n koei van hom). Die gemiddelde prys vir vroulike diere op die nasionale veiling was R38 000.

Volgens hom kan goeie, kommersiële bulle vir tussen R20 000 en R30 000 bekom word en vroulike diere van topgehalte vir R30 000.

Die grootste voordeel vir hom is die wyse waarop die Boran die fynbos op Chant Té Mar benut, asook die feit dat hulle teen hartwater bestand is en 'n lae bosluisbelading het. “Waar ek my kommersiële beeste elke tweede week met 'n opgiemiddel moet dip, doen ek

dit met die Boran slegs elke drie maande. Dit bring 'n groot kostebesparing mee.

“Nog 'n voordeel is dat hulle nie gepamperlang hoef te word nie. Dit is hoekom hier binne 'n afstand van 10 km al agt boere is (drie het stoeterye) wat met die ras boer. 'n Ander sterk punt van die ras is die uitstaande basterkrag wanneer die bulle met vroulike diere van ander beesrasse gekruis word.”

Die beste kry in die winter en die somer 'n fosfaatlek wat hy self meng. Hulle het na behoefte toegang daartoe, maar gebruik baie min daarvan, sê Gert.

LENTE-KALFTYD

Omdat hy aanvanklik embriospoeling met surrogaat-koeie gedoen het, het hy nie 'n vaste kalftyd nie. Die bulle loop deur die hele jaar by sy koeie. Hy wil egter mettertyd na 'n lente-kalftyd oorskakel.

Gert weeg sy kalwers met geboorte. Koeie en hul kalwers word op speenouderdom van 7 maande geweeg. Hy weeg net bulle wat op die veiling aangebied word. Die speenkalwers wat nie aan sy eise voldoen nie, word deur GWK aan voerkrale bemark wanneer hul gemiddelde gewig sowat 220 kg beloop en 52% van die ma's se gewig is.

Gert gebruik meestal sy eie bulle in sy kudde. Hy koop egter ook bulle in, maar dan moet hulle beproef wees. “Ek koop geen bul in wie se kalwers ek nie gesien het nie. Ek is bereid om 'n premie vir goeie bulle te betaal.”

WILD

Gert het na skaars en vlaktewild gediversifiseer. Van die skaars wildsoorte op die plaas is swartwitpense, goue wildebeeste, swart rooibokke en saalrug-rooibokke. Hy is oortuig daar vorm nie 'n borrel met die teel van kleurvariante nie. “Ek glo daar sal altyd 'n plek vir kleurvariante wees – veral dié wat natuurlik voorgekom het.”

Terwyl hy dophou hoe die koedoe, wat hy onlangs op 'n veiling verkoop het, met die helikopter gevang word, vertel Gert trots dat sy oudste seun, Marcel (19), saam met mnr. Kalahari Hatting (28) 'n wildvangonderneming begin het. “Ek het die mannetjie vir eers uit die nes geskop, maar ek weet hy gaan eendag terugkom en lekker met die Boran boer,” sê Gert met 'n knipoog. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Gert Barnard, sel **083 278 2116**, tel. **042 291 0393**; e-pos: chantemar@igen.co.za

Gert het op 19 September die B4-veiling op die plaas aangebied. Dit is voorafgegaan deur 'n inligtingsdag waarop dr. Faffa Malan, bekende veekundige, en mnr. Simeon Hurwitz, 'n teler van die ras, opgetree het. Tien SP-bulle en 62 vroulike diere is aangebied.